
# Watergeeste in die Bybel (W01)SP



F du Toit

2018

*Daar is geen kopiereg op hierdie studiestuk nie. Maak dus gerus 'n afskrif en deel dit met die liggaam van Christus. U mag dit egter nie gebruik vir u eie finansiële voordeel nie en sou u dit aanhaal, gee erkenning  aan die outeur van die leesstuk.*

# <u>Inhoud</u>


1. **Wie was die Baäls en Astartes wat die heidene in die Bybel aanbid het?**
2. **Simson en die watergeeste: Wie was Dagon?**
3. **Jona en die watergeeste: Wie was die god wat in Nineve aanbid is?**
4. **Gideon en die watergeeste: Wie was die god van die Midianiete?**
5. **Josua en die watergeeste: Die altaar word gebou in die Jordaanrivier by Jerigo.**
6. **Job en die watergeeste: Leviatan**
7. **Jesus heers oor die watergeeste: Jesus ontmoet vir Legio en die varke storm in die see.**
8. **Wat leer ons uit die storie van “The Little Mermaid?**
9. **Hoe herken jy watergeeste in vandag se samelewing?**

# 1. <u>Wie was die Baäls en Astartes wat die heidene in die Bybel aanbid het?</u>

In Genesis 6 lees ons vir die eerste keer van die gevalle engele wat met die vroue van die aarde omgang gehad het. Uit hierdie gemeenskap is daar reuse op die aarde gebore. Die tyd wat daarna volg op die aarde is een van geweldadigheid, slawerny, en 'n ongekende toename in die kennis van boosheid in al sy vorme.

Die geslagsregister van hierdie wesens wat gebore is uit 'n vermenging van menslike en demoniese DNA, word vir eeue lank in mitologie en legendes oorgedra. Dieselfde wesens (reuse, eenoog-gediertes en halfmens–halfdier wesens) word die heersers van hul tyd; heersers waarteen die mens self geen weerstand kon bied nie as gevolg van hul brute krag en bonatuurlike magte. Die aarde verval in 'n toestand waar die ontwerpe, beginsels en wetgewing die van Lucifer self is. Wat reg was in die oë van die Here, word verkondig as verkeerd, en wat verkeerd en boos was in die oë van die Here, word verkondig as reg.

Die onuithoudbaarheid van die situasie walg die Skepper en Hy kondig aan dat Hy berou het dat Hy ooit die mens geskape het. Dan volg die wêreldwye vloed, en die aarde en die mens ontvang genade van die Skepper d.m.v. Noag.

Die boosheid leef egter voort in die harte van die mens en die mens kies om steeds die afgode te aanbid, net soos dit die geval was voor die vloed. Selfs in ons moderne tyd word die afstammelinge van die gevalle engele op die aarde aanbid en gevrees deur die mens.

Die volgende is 'n kort uiteensetting van die stamboom van een van die belangrikste van die gevalle engele:

| | |
|---|---|
| **<u>Uranus</u>** (Een van 200 gevalle engele (ook bekend as die "Watchers")<br>Sy simbool word die son. Hy het vlerke en het neergedaal uit die ruimte / hemel. Hy slaag daarin om die eerste Duat-beginsel te vestig, aldus die vereniging van die tweede hemel(hel) en die aarde. | **<u>Gaia</u>** ( Die eerste vrou wat gemeenskap het met 'n gevalle engel) ook bekend as Moeder Aarde, of die Hemelkoningin of "Cybele". Haar simbole word o.a. die Maan, 'n ster en 'n kasteel. Daar is leeus (verskeie katte uit die katfamilie, afhangende van die kultuur) by haar. |

| | |
|---|---|
| Kronos en Rhea is die kinders van Uranus en Gaia. Beide is reuse. Hulle trou en ses kinders word gebore. Hulle staan almal bekend as die "Titans" | |
| **<u>Kronos</u>** (Odin /Vader Tyd /Grim reaper) REUS | **<u>Rhea</u>** (Hemelkoningin) Suster van Kronos (REUS) |

<table>
<tr><td colspan="6">Die volgende is kinders van Kronos en Rhea. Hulle staan ook bekend as die “Titans”. Hulle ondertrou met mekaar en ook met ander reuse en die daaropvolgende geslag reuse staan bekend as die “demi-gods”.<br>Deur eeue heen word hulle onder verskillende name in verskillende kulture aanbid. Dit gebeur vandag nog. So ontstaan n groot verskeidenheid valse godsdienste wat tot vandag toe nog deur mense geglo word.</td></tr>
<tr>
<td><u>Hades</u><br>(Loki/ Hel/ Pluto)<br>Baalsebub</td>
<td><u>Zeus</u><br>(Thor/Jupiter)<br>Baal Peor<br>Molech</td>
<td><u>Poseidon</u><br>(Neptunus)<br>Baal Berit</td>
<td><u>Hera</u> / Juno<br>Hemelkoningin</td>
<td><u>Hestia</u><br>Hemelkoningin</td>
<td><u>Demeter</u>/Ceres<br>Hemelkoningin</td>
</tr>
</table>

<table>
<tr><td colspan="3">Na die vloed word Nimrod die eerste reus wat weer op die aarde verskyn, deur die besmette bloedlyn van Gam (die seun van Noag). Lucifer besef dat hy n vals messiasfiguur op die aarde tot stand sal moet bring, en doen dit deur die huwelik van Semiramis (ook bekend as die Hemelkoningin) en Nimrod, wat dan ‘n seun baar wat Semiramis die reïnkarnasie van Nimrod noem. Sy naam was Tammus. Nimrod se dood laat die moeder-en-kindfiguur die beeld word van goddelikheid wat van daar af voortaan aanbid sou word; aldus die moeder-en-kindfiguur wat in verskeie godsdienste voorgehou word aan die mens. In Kanaän word die Baäls en Astartes aanbid, net soos voor die vloed. Die aanbidding van Nimrod versprei na die ooste toe en daar word hy aanbid as Buddah. Die trilogie-gode (Semiramis, Nimrod en Tammus) vind ook neerslag in die Hindoegeloof. Die Vader, Seun en Heilige Gees word ook vervang in hierdie geloof deur ‘n trilogie van gode wat aanbid word as Brahma, Vishnu and Shiva. In Egipte staan dieselfde trilogie van gode bekend as Osiris, Isis en Horus.</td></tr>
<tr>
<td>Nimrod<br>Buddah / Osiris</td>
<td>Semiramis<br>Hemelkoningin / Isis</td>
<td>Tammus<br>Valse messias / Horus</td>
</tr>
</table>

| Triton (seun van Neptunus) |
|---|
| Mermen and Mermaids (kinders |
| Water geeste soos succubus en Incubus wat die verbondsdaad herhaaldelik met mense pleeg. |

In die tyd wat die reuse op die aarde was, het daar afskuwelike seksuele dade plaasgevind, wat gelei het tot die verskyning van hibriedwesens op die aarde. Die hibriede was nie mense nie. Dit was wel gedeeltelik menslik in voorkoms, soos byvoorbeeld die een-oog wesens (“cyclops”), die dwergmensies wat net 40cm –50cm hoog gestaan het (hulle het saam met die reuse gebly en was hul diensknegte). Hierdie kombinasie van die reuse en super-klein hibriede word vandag uitgebeeld in die stories van die “minions” en “Despicable Me”.

Onthou, die “minions” se opdrag is om die entiteit te vind wat die mees bose planne en dade verrig, sodat hulle hom/haar kan dien! Verskeie ander hibriede is ook gevorm. Vir die doeleindes van hiedie studie gaan ons egter nou op die watergeeste fokus. Dis die nakomelinge van Neptunus, sy seun Triton, en die meerminne en meermanne, sowel as die verskeidenheid van wesens wat daarop volg.

## 2. <u>Simson en die watergeeste:  Wie was Dagon?</u>

Ons lees in Rigters 16 in die Bybel van Dagon, wanneer die Filistyne tot Dagon bid om hom te dank dat hulle vir Simson gevange kon neem.

<u>Let daarop</u> dat een van die eerste dinge wat die Filistyne aan Simson doen, is om sy oë uit te steek. Hierdie is ‘n strategie wat deur watergeeste gebruik word; hulle val die oë aan van die mens waarteen hulle in opstand kom.  Weet ook dat watergeeste mense baie haat - hulle betoon geen genade nie.

Dagon word in geskiedkundige artefakte uitgebeeld as ‘n half mens – half vis-god wat wydverspreid deur die nasies van die Midde-Ooste aanbid is.
Vandag word Dagon steeds aanbid in van die grootste kerke ter wêreld. Let gerus op na die hooftooisel wat deur die pope gedra word. Dit beeld die viskop uit wat na bo kyk met die mond van die vis oop. (google gerus die trefwoorde: Dagon Pope)

Met die *google* trefwoorde , vind jy by “Images” die uitbeelding van die priesterdrag van Dagon soos wat dit in die verlede uitgebeeld is, en ook die moderne weergawe daarvan.
‘n Beeld van ‘n vrou wat by ‘n leeu sit saam met nog twee figure word ook gewys. Die vrou is Cybele, ook bekend as die Hemelkoningin; die tweede figuur is priester van Dagon en die derde persoon is ‘n priester in die moderne kerk.

> In 1 Samuel 5: 1-7 Lees ons van die Filistyne  wat dit waag om die verbondsark van die lewende God in die tempel van Dagon te plaas. Twee aande in ‘n ry val die beeld van Dagon op sy gesig, en op die tweede aand breek dit in stukke.

In die Hindoegeloof word Dagon uitgebeeld as ‘n visgod wat sy verskyningsvorm (“avatar”) van n vis aanneem om die mense te red tydens die groot vloed wat die aarde tref.
Hy word aanbid as Matsya, een van die “avatars” van Vishnu.

## <u>3.Jona en die watergeeste: Wie was die god wat in Nineve aanbid is?</u>

Die bekende verhaal van Jona wat die bekeringsboodskap na Nineve moes neem, kry baie meer sin die oomblik wat ons verstaan wie in Nineve aanbid is, en wat hulle geglo het.

Die Hemelkoningin word in Nineve aanbid. Die geloof dat die gode vanuit die water heers, was algemeen aanvaar in Nineve. Hierdie stad was omring met water en was gebou in die vloedvlakte van die Eufraatrivier in vandag se Noord-Irak. (Nahum 1:6, 8, en 3:8, 14)
God se oordeel oor die Assiriese stad van Nineve word beskryf in die boek van Nahum in die Ou Testament.
Nineve se inwoners het die watergeeste aanbid. Dit is dus ‘n besonderse oomblik wanneer Jona op die strand uitgespoeg word deur ‘n groot vis. Dit posisioneer hom om ‘n platform te hê waarmee hy dan die bekeringsboodskap aan die mense van Nineve kan rig, en reageer hulle deur hulsef te verootmoedig voor die lewende God van Israel. Die mense van die stad

het nie vir een oomblik getwyfel dat Jona deur die gode na hulle gestuur is nie, en juis daarom slaan hulle ag op dit wat hy vir hulle sê.

## 4.**Gideon en die watergeeste: Wie was die god van die Midianiete?**

Gideon se verhaal begin in Rigters 6 waar hy deur die engel van die Here besoek word en die opdrag ontvang om teen die Midianiete te gaan veg. Eers moes hy die Baäl en die gewyde paal (Asherah) gaan afbreek en 'n bul offer vir die Here. Dit het oproer in die stad veroorsaak, en die mense was kwaad vir Gideon. Sy pa kom egter tussenbeide en maak die stelling dat Baäl sy eie saak met Gideon moet uitmaak, eerder as wat die mense in die stad dit names Baäl moes doen.

Let op die volgende: Die Medianiete het 'n skrikbewind oor die Israeliete gevoer met skielike en onverwagse aanvalle, net om hul kos en lewensmiddele te steel. (In Engels staan dit bekend as "sudden terror", en in modern taal, "Hi-jack", plaasaanvalle, huisinbraak ens). Die mense leef dag en nag in vrees.

Wie was die Baäls wat in Kanaän aanbid is? Die drie Baäls was:
Baäl-Peor (Zeus / Jupiter / Thor)
Baäl-Berit (Poseidon / Neptunus)
Baäl-Sebub (Hades/ Pluto / Loki)

Soos wat die verhaal van Gideon verder vertel word, is dit al hoe duideliker dat dit Baäl-Berit is waarmee Gideon te doen het (vgl. Rigters 8:33). Daar was onder andere maanversierings [Cybele / Hemelkoningin] aan die Midianiete se kamele, en die Midianiete het vir Baäl-Berit aanbid, van wie daar 'n tempel was in die stad Sigem (Rigters 9:4). In hierdie stad neem Gideon ook 'n byvrou wat vir hom 'n seun baar met die naam Abimelek. Abimelek sou jare later al die seuns van Gideon vermoor, behalwe die jongste met die naam Jotam.

Let op die volgende: Die Watergeeste is geduldig, vernietig nie die een met wie hul 'n verbond sluit nie, maar wel die volgende geslag. Hulle werk met die sluit van 'n verbond (gewoonlik 'n seksuele daad). Baäl-Berit se naam beteken: "The Lord of the Covenant". Die watergeeste wil graag 'n grondgebied in besit neem, of, anders gestel, die erfdeel van die volgende geslag in besit neem. Hierdie Baäl kry mense om sy geveg te veg namens hom, deur vir hulle geld te gee, in ruil vir hul stem en aksies. (Abimelek word geld gegee uit Baäl-Berit se tempel om 'n weermag te koop waarmee hy die sewentig seun van Gideon sal doodmaak.)

Let op die volgende: Watergeeste word geroep met die blaas van 'n seeskulp ("conch shell"). Daarmee verander die watergees, en of die mens wat die seeskulp blaas, die atmosfeer bokant die waters. Gideon en sy manskappe se wapens teen die Midianiete (wat die watergeeste aanbid het) was die fakkel-lig in kleipotte, en ramshorings!

RAMSHORINGS IS SIMBOLIES VAN:
· Die bloed van Y`shua
Eks 12:13: Op. 12:11; 1 Joh.1:7; Rom.5:9; Heb.12:24; 1 Kor.5:7, ens.
· Die woord en stem van YHVH
Gen.1:3; Joh.1:1-2; Heb.4:12; Ef.6:17; Op.19:15; Jos.5:13-14;
Rigt. 7:22; Psalm 29!!! Job 37:4-5; Jes.66:6
· Die asem / "breath" / Ruach van YHVH
Eks 15:8 &10; Ps.18:15; 2 Tim.3:17; Gen.2:7; Ese.37:9-10; Joh.20:22

Profetiese gebeure met gebruik van die Shofars

- Num. 11 - Die wraak op die Midianiete
- Die val van Jerigo se mure (Kanaäniete)
- Die oorwinning van Gideon oor die Midianiete (Rigt. 7)
- Die terugneem van die verbondsark na Jerusalem - 2 Sam 6:15 (Filistyne)
- Die inwyding van die tempel van Salomo - 2 Kron 5:13-14
- Koning Abia se oorwinning oor Jerobeam - 2 Kron 13:12-16

Die dieper betekenis hiervan sal met 'n aparte skrywe verduidelik word.

## 5. Job en die watergeeste: Leviatan

In Job 40 en 41 word daar twee diere beskryf wat die verbeelding van die mens aangryp. Die twee diere word in die Engelse Bybels beskryf as "Behemoth" en "Leviathan". Die Afrikaans vertaal die name van die diere as "seekoei" en "krokodil". Dis onwaarskynlik dat die "Behemoth" 'n seekoei, of selfs 'n olifant was, aangesien die stert van die dier vergelyk word met 'n groot boom. Dis meer waarskynlik dat die dier 'n tipe dinosourus (bv. Brachiosourus) was. Die Leviatan was ook waarskynlik 'n krokodil wat heelwat groter was as die Nylkrokodil wat ons vandag nog in Afrika sien. n Krokodilskelet van 12m in lengte is onlangs in Niger in die Sahara opgegrawe en word "Sarcosuchus Imperator" genoem. Dit is egter ook moontlik dat daar na 'n ander seedier verwys word, soos byvoorbeeld die "Tylosaurus".

Dit is egter nie noodsaaklik om die dier se identiteit met soveel akuraatheid te kan bepaal nie; dit is van meer waarde om die geestelike eienskappe van die dier te bestudeer, aangesien dit verwys na 'n baie intimiderende watergees wat vandag nog saam met die mens voorkom. Net soos die slang 'n tipe geword het van die bose, is Leviatan 'n tipe van 'n watergees wat heelwat teenstand bied deur hoogmoed en trots in die liggaam van Christus. Vir 'n meer indiepte studie kan u Amanda Buys se studie op Kanaan Ministries lees met die titel "Vier Elemente". Die Leviatan word onder die element van Water bespreek.

## 6 Josua en die watergeeste: Die altaar word gebou in die Jordaanrivier by Jerigo.

In Josua 3 en 4 lees ons van die tog van Israel deur die Jordaanrivier. Aan die einde van die dag, nadat die Israeliete deur die Jordaan getrek het, sou almal vir Josua met dieselfde ontsag luister as wat hulle vir Moses gehad het. Die waters van die Jordaanrivier het, net soos by die Rooisee, ook vir Josua oopgemaak, sodat die volk kon deurtrek. Waarlik, die God van Abraham, Isak en Jakob was ook saam met Josua.

Nadat die Israeliete die Jordaan oorgesteek het, rig die Israeliete binne-in die rivier, sowel as op die oewer by Gilgal, 'n altaar op vir die Here. Die altaar staan as 'n getuie vir dit wat op daardie dag gebeur het. Die altaar by Gilgal sou getuig teenoor die nageslag van die Israeliete. Die altaar binne-in die rivier sou egter nie vir die mense sigbaar wees nie, en heel waarskynlik nooit weer vir die mense sigbaar wees nie, aangesien dit onder die water was. Waarom dan daar 'n altaar oprig?

Die mense van Jerigo was reeds doodbang vir die Israeliete nadat hulle gehoor het dat die God van die Israeliete die Rooi See laat oopmaak het met 'n pad wat daardeur geloop het. Noudat dit ook hier op hul voorstoep gebeur het, het dit hulle met vrees vir hul eie vernietiging vervul.

Dit maak egter nog meer sin as ons verstaan dat die inwoners van Jerigo die god van die maan ("Yarik" of "Jerah") aanbid het. Jerigo was ook bekend as die stad van die maan.
Toe die inwoners van die stad besef dat die God van Israel sterker is as hul gode van die waters, het hul geen hoop meer gehad om die stryd vir hul stad te kon wen nie. Jerigo was 'n tipe hoofstad van die omgewing. Wie vanuit Jerigo heers, sou n groot gebiedsvoordeel daaruit kon trek. Die oprig van die altaar in die water het as getuie teen die watergeeste van die Jordaan gestaan. Nooit weer sou hulle vanuit die water van die Jordaan kon heers oor die volk Israel nie. Die waters van die rivier word gereinig. Jare later word Jesus Christus self in die Jordaanrivier gedoop.

> Yarikh, Yirah, Jerah, Jarah, Jorah:
>
> Yariah is The Moon, a god whose epithets are the **Illuminator of the heavens, the Illuminator of the Myriads of Stars, and Lord of the Sickle** as the crescent moon. As provider of nightly dew, He is husband of the goddess Nikkal, His moisture causing her orchards to bloom in the desert. The city of Jericho is named for Him.

## 7 Jesus heers oor die watergeeste: Jesus ontmoet vir Legio en die varke storm in die see.

Die See van Galilea is ook bekend as YAM KENNERET. Die woord YAM beteken SEE en impliseer die heerser van die waters of see god. KENNERET verwys na 'n dorp

langs die see wat later ook as Ginosar bekend gestaan het. KENNERET beteken HARP, na aanleiding van die instrument wat deur meerminne bespeel word. Dit is dus duidelik dat hiedie see bekend was onder die mense van Kenneret vir die bonatuurlike inwoners van die see. Yam is dieselfde entiteit as Neptunus / Poseidon.

Die aand wat die storm op die see opsteek terwyl Jesus lê en slaap, en Sy dissipels dink hulle gaan almal vergaan, is baie betekenisvol (Matteus 8:23- 34). Deur die water en wind stil te maak, demonstreer Jesus sy heerskapy oor die waters. Sy dissipels staan in verwondering en vra wie is Hy, dat self die wind en die waters na Hom luister. Hulle het baie goed geweet wat die geloof was van die mense wat om die see gewoon het.

Die volgende oggend gaan hulle aan land by Gadara. Gadara en Ginosar was omtrent ‘n dagreis uit mekaar. Die oomblik wat Jesus en sy dissipels aan land gaan, word hulle genader deur twee mans wat in die mag was van bose geeste (Matt 8:28-34). Hierdie geeste was niks anders nie as watergeeste.

<u>Let daarop</u> dat watergeeste baie territoriaal is. Hulle probeer altyd die land naby die waters waaruit hul vandaan kom, onder hulle beheer kry. Watergeeste beïnvloed mense deur onder andere die omgewing en die mens self in baie vuil omstandighede te laat leef. Dit is die rede waarom watergeeste graag met varke sal assosieer. Die “avatar” van ‘n vark openbaar die aard van die watergeeste. Hulle is ook aggresief. Hulle haat mense, en sal hulle verneder deur hulle so min as moontlik te laat aantrek en dus hul liggame openbaar. Dis ook die hoofrede hoekom watergeeste graag die modebedryf infiltreer. Dié sal die platform wil gebruik om onwelvoeglike kleredrag populêr te maak, en sodoende die deur oop te maak vir wellustigheid en seksuele losbandigheid.

Die oomblik wat Jesus voor die mans staan, erken hulle Hom as die Seun van God, maar het dadelik ‘n houding wat vinnig verander as hulle besef met wie hulle te doen het, en wil hulle onderhandel oor hul lot. Jesus dryf hulle uit en die watergeeste vaar die varke in net om minute later oor die afgrond te storm in die see in. So keer die watergeeste terug na hul gebied en kom so ver as moontlik weg van die Here Jesus Christus. Later sou die inwoners van die stad vir die Here Jesus vra om die gebied te verlaat. Dis jammer dat niemand daar belang gestel het om Hom beter te leer ken nie, of om Hom in hul stad te verwelkom, soos wat die Samaritane gedoen het nie. Die stad se mense was uitverkoop aan die god van die see.

<u>Let daarop</u> dat watergeeste die evangelie sal teenstaan. Sending- en evangelieuitreike moet, as hul teenwoordig is, verhoed word. Hulle sal geestelike leiers teiken en op veral seksuele gebied probeer verlei, of die watergees Leviatan sal ‘n gees van hoogmoed en hardkoppigheid in die kerk veroorsaak wat die werking van die Heilige Gees, en enige vorm van herlewing, sal teenstaan.

# 8 Wat leer ons uit die storie van “The Little Mermaid?

Wanneer die kern van die storie uiteengesit word, staan die volgende oomblikke uit:

- Die meermin sluit ‘n kontrak (“covenant”) met die bose seekat.

- Deur die kontrak verpand sy haar stem (haar gawe) vir menslike bene, meer nog, haar siel, vir die moontlikheid om bemin te word deur ‘n man.
- Daar is ‘n tydaspek gekoppel aan die kontrak.
- Die meermin kan nie haar kant van die kontrakvoorwaardes nakom nie, en gevolglik verloor sy haar menslike bene (“avatar”), en haar siel word gevange geneem.
- Sy sou vir ewig in die plek van gevangeniskap gehou word. Die enigste voorwaarde vir haar vrylating sou wees dat iemand anders <u>in haar plek</u> sy “avatar” sou verloor, en die entiteit se siel gevange geneem kon word.
- Die bose seekat hou streng by die kontrak, sodat dit haar uiteindelik bevoordeel, en ‘n groter gebied gee om oor te heers.

  - ❖ Watergeeste werk met kontrakte en regte.
  - ❖ Watergeeste dryf handel en neem geld/rykdom/bates/ of jou verskyningsvorm in ruil vir hul dienste.
  - ❖ Watergeeste sal leiers teiken wat invloed het in ‘n gemeenskap. Hulle soek dus na ‘n invloedsfeer en titels wat hulle meer invloed kan gee.
  - ❖ Die kleindoop is ‘n kontrak / verbond met watergeeste (die Hemelkoningin). Watergeeste sluit n verbond met water. In teenstelling sluit die God van Abraham, Isak en Jakob ‘n verbond deur bloed.
  - ❖ Die enigste manier om uit die verbond met ‘n watergees te kom, is as iemand anders in jou plek sterf. Dit is wat die Here Jesus Christus vir elkeen van ons kom doen het. Geen ander god wat aanbid word ter wêreld het vir hul volgelinge gesterf en weer opgestaan uit die dood nie. Net deur Jesus Christus kan ons vrygemaak word van die bose ooreenkoms.

# <u>9 Hoe herken jy watergeeste in vandag se samelewing?</u>

Prostitusie
Vuil strate / vuil water
Pornografie
Gebroke huwelike
Aborsies
Dwelms
Armoede /“poverty”
Geweld teen kinders
Leerprobleme, disleksie en ander oogprobleme
Doodsheid in kerke
Vrees en ongeloof
Nagtelike besoekers by die huweliksbed – Saccubus en Incubus

---

Daar volg nog ‘n leering wat meer duidelikheid gee ten opsigte van hoe om watergeeste in die samelewing te herken en hoe om dit as christen te hanteer. Mag die Here u tot insigte bring rakende die invloed van watergeeste in u eie lewe. Mag u ook dapper genoeg wees, soos Gideon, om hierdie

stryd in die Naam van ons Here Jesus Christus te weg en oorwinning te ontvang sodat daar volkome vryheid mag wees vir elke Christen.